# ONLANGSE VERBETERINGE IN DIE REGSPOSISIE

# VAN DIE GETROUDE VROU IN SUID-AFRIKA

## ENKELE VERWYSINGS NA DIE ERF- EN FAMILIEREG

Skripsie aangebied deur

**ABEL DANIEL PETRUS BESTER**

ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad

**MAGISTER LEGUM**
(met Boedelreg as hoofstudierigting)

aan die

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS**

na suksesvolle voltooiing van gevorderde kursusse in
Belastingreg, Sakereg en Eiendomswetgewing,
Huweliksgoederereg, Erfreg, Ondernemingsvorms,
Versekeringsreg en Boedelbeplanning.

STUDIELEIER: PROFESSOR J A ROBINSON

DATUM: MEI 1993

## SUMMARY

RECENT IMPROVEMENTS IN THE LEGAL POSITION OF THE MARRIED WOMAN IN SOUTH AFRICA - WITH REFERENCE TO THE LAW OF SUCCESSION AND TO FAMILY LAW.

---

In this thesis only certain aspects of positive law have been highlighted and it can subsequently not be regarded as a detailed report of recent improvements in the legal position of the married woman in South Africa.

From the instances and facts discussed, it is clear that a great improvement came about in the legal position of women during the last decade or so. These improvements concern her person and state of independence for example the abolition of marital power; her standard of living as a result of the improved position of the uncared for surviving spouse; financial and material benefits such as the amendment of intestate succesion; advantages in having a wider selection of matrimonial property systems; the redistribution discretion of the court; heavier penalties for non-payment of maintenance, etcetera.

There is still discrimination against women in approximately 23 statutes where distinction is still made between man and woman. These statutes deal mainly with labour law and more and more representations are being made to bring about legal equality between man and woman.

It is safe to say that the subordinate and dependent position of women in south Africa has improved more over the last decade than during the previous 100 years.

---

# INHOUDSOPGAWE

| | |
|---|---|
| Inleiding | 1 |
| Erfreg | 2 |
| Familiereg | 6 |
| Opsomming | 22 |
| Bronnelys (Boeke) | (ii) |
| Bronnelys (Tydskrifartikels) | (iii) |
| Bronneverwysings (Wetgewing) | (viii) |
| Bronneververwysings (Hofsake) | (ix) |

# BRONNELYS (Boeke)

**Hahlo** *Husband & Wife*

**Hahlo HR** *The South African Law of Husband and Wife* **(1985)**

**Lee en Honoré** *Family Law*

**Lee RW en Honoré AM** *Family Law, Things and Succession* 2e uitgawe (Durban 1983)

**Sinclair** *Inleiding*

**Sinclair June** *Inleiding tot die Wet op Huweliksgoedere* **1984**

**Van der Merwe en Rowland** *Erfreg*

**Van der Merwe NJ en Rowland CJ**
*Die Suid Afrikaanse Erfreg* **6e uitgawe (Pretoria)**

**Van der Vyver en Joubert** *Persone en Familiereg*

**Van der Vyver JD en Joubert D** *Persone en Familiereg* **2e uitgawe**

# BRONNELYS (Tydskrifartikels)


A

Anon — Date for determination of Intestate Heirs 1986 *Annual Survey of South African Law* 1985 273-277

Anon — Maintenance of Surviving Spouses 1990 *Annual Survey of SA Law* 3-6, 23-27

Anon — The Maintenance of Surviving Spouses Act 1991 *The Taxpayer* 205-208

Anon — Varying the Matrimonial Property Regime 1990 *Annual Survey of SA Law* 21

C

Clark B — Asset redistribution on Divorce - the exercise of Judicial Discretion 1989 *South African Law Journal* 243-259

Costa A — Commentary on Maintenance of Surviving Spouses Act 27 of 1990 1990 *De Rebus* 533-534

Costa A — A Plea for the reform of section 7 (3) of the Divorce Act 70 of 1979 as amended 1990 *De Rebus* 916-921

D

De Waal M — Huweliksreg 1991 *De Rebus* 567-569

De Waal MJ — Die Tydstip vir die Vasstelling van die Identiteit van Intestate Erfgename 1988 *Tydskrif vir Hedendaags Romeins Hollandse Reg* Februarie

Douglas KJ — Change of Matrimonial Property System without an Order of Court 1991 *De Rebus* 205-211

Douglas KJ — Changing Matrimonial Property Systems 1991 *De Rebus* 221-222

Du Plessis W — Regshistoriese Grondslae van die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987 1990 *De Jure* 231

G

Grobler N The Mediation in certain Divorce Matters Act, 1987 1990 *Consultus* 133

H

Heaton J Die oordrag van bates ingevolge artikel 7 (3)-(6) van die Egskeidingswet 1987 *THRHR* 103-105

J

Jordaan R Oordrag van bates in geval van Egskeiding ingevolge artikel 36 van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 1988 *THRHR* 109-113

Joubert DJ Archer vs Archer 1982 2 SA 885(OK) 1990 *De Jure* 154-159

Joubert DJ Beaumont vs Beaumont 1987 1 SA 967(a) 1987 *De Jure* 369-374

L

Labuschagne E Terugwerkende werking van 'n veranderde Huweliksgoederebedeling 1991 *Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg* 516-522

Le Roux C Die Skoonbreuk-beginsel by wyse van Judisiële Diskresie 1990 *De Rebus* 63-64

M

Murray IB Law of Succession *Annual Survey of SA Law 1985* 270

O

Olivier N Minderjarige status van Swart vroulike deelgenote by Onderhoudseise 1991 *TSAR* 687-691

Oosthuizen AJ The Intestate Succession Act 81 of 1987 1989 *THRHR* 94-98

Oosthuizen AJ The Succession Act 1934. Amendments effected by the Matrimonial Property Act 1984 1987 *Tydskrif vir Regswetenskap* Julie

R

Roodt HC Artikel 7(3) van die Egskeidingswet: talle vroue feitlik sonder remedie 1988 *De Rebus* 59-64

S

Schoeman MC Intestate Erfopvolging 1988 *De Rebus* 417-419

Schutte T Die Wysingingswet op Onderhoud 2 van 1991 1991 *Consultus* 137

Singh D Do until it dies; a critical examination of section 15 of the Matrimonial Property Act 88 of 1984 1991 *De Rebus* 199-203

Sonnekus JC Egskeiding en Kwantifisering van die bydrae tot die ander gade se boedel - artikel 7(3)-(5) van die Wet op Egskeiding 70 van 1979 1987 *South African Law Journal 367-380*

Sonnekus JC Egskeiding: Die maatstawwe by die toepassing van die diskresie vir herverdeling van die bates en vir onderhoud 1987 *THRHR* 333-342

Sonnekus JC Kwantifisering van huweliksopofferings op Appél 1989 *TSAR* 250-259

Sonnekus JC Legitieme Porsie of Verlengde Onderhoudsaanspraak? 1984 *De Rebus* 119-121

Sonnekus JC Terugwerkende wysiging van Huweliksgoederebedeling 1991 *THRHR 133-138*

Sonnekus JC Verbeurdverklaring van Voordele by Egskeiding 1990 *TSAR* 134-140

Sonnekus JC Verlengde Onderhoudsaanspraak van die langslewende gade -'n aanvaarbare ondergrawing van beskikkingsbevoegdheid? 1990 *TSAR* 491-513

Sonnekus JC Voorgestelde statutêre wysiging van die Erfreg 1992 *TSAR* 159-178

Staatsdrukker Verslag van die Kommissie van ondersoek na die RSA se Belastingsstruktuur 1987 (Pretoria)

Stander U Wysigingswet op Egskeiding 7 van 1989: Verdeling van Pensioenverwagtinge by Egskeiding 1989 *De Rebus* 853-857

Stassen K Afsonderlike belasting van getroude vroue 1991 *De Rebus* 729-730

Stassen K Maintenance 1992 *De Rebus* 327-328

Stein M The Taxation of the Married Woman - 11 1990 *Businessman's Law* 23-26

Suid-Afrikaanse Regskommissie Hersiening van die Egskeidingsreg Wysiging van Artikel 7(3) van die Wet op egskeiding, 1979 *(Projek 12)*

Verslag betreffende die huweliksgoederereg met besondere verwysing na die Wet op Huweliksaangeleenhede, 1953, die status van die getroude vrou en die erfreg vir sover dit huwelikspartye raak.

**V**

Van Rensburg ADJ Artikels 7 & 9 van die Wet op Egskeiding

Van Rensburg ADJ Change of Matrimonial Property System without an Order of Court 1991 *De Rebus* 289

Van Schalkwyk LN Beaumont vs Beaumont 1985 SA 171(W); 1987 1 SA 967(A) 1989 *De Jure* 167-177

Van Wyk A Community of Property and Accrual Sharing in terms of the Matrimonial Property Act, 1984 1985 *De Rebus* 59-61, 99

Van Zyl L Spousal Support - an Update 1992 *THRHR* 297-300

Van Zyl LB Section 13 of the Matrimonial Property Act - an historic relic? 1990 *The Comparative and International Law Journal of Southern Africa* Julie

**W**

Wunsh B Law of Succession 1990 *Annual Survey of SA Law* 250-251

# BRONNEVERWYSINGS (Wetgewing)

*Wet op Erfopvolging* **13 van 1934**
*Wet op Intestate Erfopvolging* **81 van 1987**
*Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* **27 van 1990**
*Wet op Egskeiding* **70 van 1979**
*Wet op Huweliksgoedere* **88 van 1984**
*Wysigingswet op Egskeiding* **7 van 1989**
*Wysigingswet op Onderhoud* **2 van 1991**
*Wysigingswet op Huweliks - en Huweliksgoederereg* **3 van 1988**
*Wet op Swart Administrasie* **38 van 1927**
*Wet op Verjaring* **68 van 1969**
*Wet op Bemiddeling in sekere Egskeidingsaangeleenthede* **24 van 1987**
*Boedelbelastingwet* **45 van 1955**
*Wysigingswet op Boedelbelasting* **81 van 1985**

# BRONNEVERWYSINGS (Hofsake)


*Archer v Archer* **1989 2 SA 885 (OK)**

*Ashe v Robertson & Walker* **1911 TPD 198**

*Beaumont v Beaumont* **1985 4 SA 171(W); 1987 1 SA 967(A)**

*Brundon's Estate v Brundon's Estate* **1920 CPD 159**

*D'Angelo v Bona* **1976 1 sa 463 (O)**

*Dipper v Dipper* **1980 1 FLR 286**

*Donald v Donald* **1990 1 SA 1011 (Z)**

*Dunn et Uxor, Ex Parte* **1989 2 SA 429 (NC)**

*Edelstein v Edelstein NO and Others* **1952 3 SA 1(A)**

*Engelbrecht v Engelbrecht* **1981 1 SA 597(K)**

*Essop v Mustapha and Essop NNO and Others* **1988 4 SA 213 (D)**

*Estate Sayle v CIR* 1945 AD 388

*Glazer v Glazer* **1963 4 SA 694 (A)**

*Grobler v Schmilg & Freedman* **1923 AD 496**

*Harris v Assumed Administrator, Estate MacGregor* **1987 3 SA 563 (A)**

*Kretchmer v Kretchmer* **1989 1 SA 113 (W)**

*Katz v Katz* **1989 3 SA 1 (A)**

*Klerck v Klerck* **1991 1 SA 265 (W)**

*Kritzinger v Kritzinger* **1987 4 SA 85 (K); 1989 1 SA 67 (A)**

*Krös en 'n Ander, Ex Parte* **1986 1 SA 642 (NK)**

*Kroon v Kroon* **1986 4 SA 616(K)**

*Lourens et Uxor, Ex Parte* **1986 2 SA 201 (C)**

*MacGregor v MacGregor* **1986 3 SA 644(K)**

*Milbourn v Milbourn* **1987 2 SA 62(W)**

*Minton v Minton* **1979 AC 503**

*Nel v Cockroft and Another* **1972 3 SA 592 (T)**

*Oosthuizen en 'n Ander, Ex Parte* **1990 4 SA 15 (OK)**

*Persad v Persad and Another* **1987 4 SA 685(D)**

*Redgard v Redgard* **1989 1 SA 113(K)**

*Roos v A A Mutual Association Ltd* **1974 4 (SA) 295 (C)**

*Tebeila v Santam Insurance Ltd* **1991 2 SA 640(K)**

*Van Gysen v Van Gysen* **1986 1 SA 56 (K)**

*Watt v Watt and Another* **1984 2 SA 455 (W)**

# ONLANGSE VERBETERINGE IN DIE REGSPOSISIE VAN DIE GETROUDE VROU IN SUID-AFRIKA - ENKELE VERWYSINGS NA DIE ERF- EN FAMILIEREG

## 1. INLEIDING

Die posisie van die vrou was sedert die vroegste tye een van totale of gedeeltelike ondergeskiktheid aan die man veral wat haar posisie ten opsigte van die reg betref. Tot onlangs nog was die posisie van die vrou as langslewende eggenote en as huweliksmaat van 'n lewende eggenoot, een van afhanklikheid van en ondergeskiktheid aan dié van die man.

Die probleem oor baie eeue heen was dat die vrou juridies geen gelyke status met die man geniet het nie en waarskynlik het daar in die vroeër tye nie veel stemme opgegaan ter verbetering van hierdie posisie nie totdat die vrou in die twintigste eeu, en veral die tweede helfte daarvan, begin agiteer het vir groter vryhede en in baie opsigte daarin geslaag het.

Enkele verwysings na die Erf- en Familiereg sal dien om aan te dui hoe die posisie in die onlangse verlede nog daar uitgesien het totdat sekere wysigings ter verbetering deur wetgewing aangebring is.

## 2. ERFREG

Ten opsigte van Erfreg, word veral gelet op die verbeteringe wat die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987 en die Wet op die Onderhoud van Langslewende Gades, 27 van 1990 teweeggebring het. In die wette self word verwys na die langslewende gade en nie spesifiek na die vrou nie, maar nou is dit só dat in die groot meerderheid gevalle, dit die vrou is wat die langslewende is en was dit dus ook hoofsaaklik sy wat in die verlede juridies ongelyk behandel was soos byvoorbeeld haar beperkte aanspraak op haar en haar oorlede man se boedelbates waar hy sonder testament te sterwe gekom het asook haar gebrek aan 'n eis vir onderhoud teen die boedel van die eerssterwende gade.

Die Wet op Intestate Erfopvolging het in werking getree op 18 Maart 1988 en daarom sal sy onmiddellike voorganger, die Erfopvolgingswet 13 van 1934, steeds toepassing vind op bestorwe boedels wat beredder word ten opsigte van persone wat voor genoemde datum te sterwe gekom het. In terme van laasgenoemde wet, kon die langslewende gade, waar daar geen afstammelinge was nie, nie aanspraak op die volle boedel maak indien dit R50 000,00 oorskry het nie, maar moes sy deel met ander erfgename wat tot gevolg gehad het dat onbekendes soms gedeel het in swaarverdiende bates van die oorledene en langslewende gade.[1]

So byvoorbeeld was daar vier verskillende tipes van langslewende gades en het elkeen sy eie bepaling ten opsigte van erfopvolging gehad.

(i) Waar 'n oorledene deur 'n gade met wie hy in gemeenskap van goed getroud was, én deur afstammelinge oorleef is, het die langslewende 'n kindsdeel, of soveel as wat tesame met haar aandeel in die gesamentlike boedel, R50 000,00 nie te bowe gegaan het nie, welke ookal die grootste is, ontvang.[2]

---

1 *Artikel* 1 (c) *Erfopvolgingswet* 13 van 1934

2 *Artikel* 1 (a) *Erfopvolgingswet* 13 van 1934

(ii) Waar 'n oorledene deur 'n gade met wie hy buite gemeenskap van goed getroud was, én deur afstammelinge oorleef is, erf die gade 'n kindsdeel of R50 000,00, welke ookal die grootste is.[3]

(iii) Waar 'n oorledene deur 'n gade met wie hy in of buite gemeenskap van goed getroud is, oorleef word, maar nié deur afstammelinge nie, maar wel deur 'n ouer, broer of suster, erf die langslewende steeds nie die hele boedel nie - voorsiening word wel gemaak dat sy minstens R50 000,00 sal kry indien die grootte van die boedel dit regverdig.[4]

(iv) Waar 'n oorledene deur 'n gade oorleef is, maar nie deur afstammelinge, 'n ouer, broer of suster of afstammelinge van die broer of suster nie, erf die langslewende die hele boedel.[5]

Hierdie prosedure van intestate erfopvolging is baie vereenvoudig deur Wet 81 van 1987 en tot groot voordeel van die langslewende gade aangesien artikel 1 (1) (a) kort en saaklik bepaal dat in gevalle waar daar 'n langslewende gade is, hetsy hulle in of buite gemeenskap van goed getroud was, en daar geen afstammelinge is nie, die langslewende die gehele intestate boedel erf. Waar daar 'n langslewende én afstammelinge is, erf die langslewende in albei gevalle (in of buite gemeenskap van goed) 'n kindsdeel of R125 000,00, welke ookal die grootste is.[6]

---

3 *Artikel* 1 (b) *Erfopvolgingswet* 13 van 1934

4 *Artikel* 1 (c) *Erfopvolgingswet* 13 van 1934

5 *Artikel* 1 (d) *Erfopvolgingswet* 13 van 1934

6 *Artikel* 1 (c) *Wet* 81 van 1987

'n Punt wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat dit nie slegs in gevalle waar daar geen testament is, wat die intestate erfopvolging in werking tree nie, maar ook waar die nagelate testament nie geldig is nie,[7] of waar daar wel 'n geldige testament nagelaat is, maar daar oor 'n deel van die boedel nie beskik is nie,[8] of waar 'n beskikking in die testament ongeldig was,[9] of waar 'n voorwaarde in die testament nie nagekom is nie of nie nagekom kan word nie,[10] of waar repudiasie plaasgevind het en daar nie vir substitusie voorsiening gemaak is nie.[11]

Dit is ook belangrik vir die langslewende om te weet op watter tydstip die vasstelling van die identiteit van intestate erfgename moet geskied - veral ten opsigte van die geval waar 'n voorwaarde van die testament later nie nagekom word nie, of nie nagekom kan word nie. In die Harris-saak[10] het die Appélhof geleentheid gehad om hom hieroor uit te spreek en is daar beslis dat die tydstip van vasstelling nie noodwendig die tydstip van afsterwe van die erflater is nie, (in die meeste gevalle is dit wel só) maar dat die identiteit van intestate erfgename vasgestel moet word op die tydstip van plaasvind van die gebeurtenis wat die intestate erfopvolging laat intree.

---

7. *Essop v Mustapha and Essop NNO and Others* 1988 4 SA 213 (D)
8. *Brundon's Estate v Brundon's Estate* 1920 CPD 159
9. *Ashe v Robertson & Walker* 1911 TPD 198
10. *Harris v Assumed Administrator, Estate MacGregor* 1987 3 SA 563 (A)
11. *Donald v Donald* 1990 1 SA 1011 (Z)

Voordat afgestap word van erfopvolging, is dit interessant om kortliks te verwys na een aspek van die voorgestelde statutêre wysiging van die erfreg naamlik die statutêre aanwas ten gunste van die langslewende. In die voorgestelde wetgewing word voorsiening gemaak vir 'n nuwe artikel 2 C tot Wet 32 van 1952 en wat soos volg lui:-

> C (1) Indien 'n afstammeling van 'n erflater, uitgesonder 'n minderjarige of 'n geestesongestelde afstammeling, wat saam met die oorlewende gade van die erflater op 'n voordeel ingevolge 'n testament geregtig is, afstand doen van sy reg om so 'n voordeel te ontvang, vestig sodanige voordeel in die oorlewende gade.

Dit behels dat 'n eksekuteur, waar so 'n geval hom voordoen (en dit kom nogal heel dikwels in die praktyk voor) nie nodig het om 'n verklarende bevel van die hof daarvoor te verkry nie, maar kan hy gewoonweg sy distribusierekening dienooreenkomstig opstel.

---

## 3. FAMILIEREG

Die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades 27 van 1990, is 'n poging - en 'n verdienstelike een daarby - om die kwessie van 'n verlengde onderhoudsaanspraak van die langslewende gade teen die boedel van die eerssterwende bevredigend te probeer oplos. Die Wet maak daarvoor voorsiening dat die langslewende gade by beëindiging van die huwelik deur die dood 'n eis teen die boedel van die oorlede gade het vir sy of haar redelike onderhoudsbehoeftes tot by sy of haar dood of hertroue, in soverre as wat hy of sy nie self daarvoor voorsiening kan maak nie.

'n Onderwerp wat vir jare wye bespreking van regskrywers uitgelok het, was of die legitieme porsie heringestel moet word of alternatiewelik 'n verlengde onderhoudsaanspraak aan die langslewende gade toegestaan moet word.[1] Die legitieme porsie wat in die Suid-Afrikaanse reg bestaan het en by wyse van wetgewing in die onderskeie provinsies afgeskaf is, is die regsverskynsel waarvolgens die legitimaris, ongeag sy of haar finansiële posisie, bloot as gevolg van verwantskap met die erflater aanspraak op 'n vaste persentasie van die erflater se bates verkry terwyl die beginsel van die verlengde onderhoudsaanspraak 'n poging is om te voorsien in die redelike onderhoudsbehoeftes van die langslewende gade. Die kern van die probleem wat aangespreek moes word, was die versorgingsposisie van die langslewende gade (en soos aan die begin hiervan genoem, was dit meestal die vrou).

In Glazer v Glazer[2] het die Appélhof dit duidelik gestel dat die langslewende gemeenregtelik geen aanspraak op onderhoud teen die boedel van die oorledene gehad het nie. Artikel 7 (3) van Egskeidingwet 70 van 1979 verleen egter aan die hof die bevoegdheid om by toestaan van egskeiding by 'n huwelik buite gemeenskap van goed te gelas dat 'n deel van die bates van een party (gewoonlik die man) aan die ander party (gewoonlik die vrou) oorgedra word. In terme van artikel 7 (2) van dieselfde wet, is die hof ook bevoeg om 'n onderhoudsbevel toe te staan. Die legitieme porsie hierbo genoem wat betrekking het op 'n verwant se

---

1 Sonnekus JC Verlengde Onderhoudsaanspraak 1990 *TSAR* 491-513
Sonnekus JC Legitieme Porsie 1984 *De Rebus* 119-121

2 *Glazer v Glazer* 1963 4 SA 694 (A)

aanspraak op die boedel van die oorledene vind dus aanklank by artikel 7(3) wat betrekking het op 'n gade se aanspraak op die boedel van 'n ander gade by egskeiding.

Die eienaardige posisie was dus dat by 'n huwelik beëindig deur egskeiding die een gade 'n eis om onderhoud sowel as 'n eis om oordrag van kapitale bates het, terwyl by 'n huwelik beëindig deur die dood, die langslewende nie 'n verlengde onderhoudsaanspraak of 'n eis om oordrag van 'n kapitale bate (legitieme porsie) het nie.

Die legitieme porsie en verlengde onderhoudsaanspraak sou dus deur wetgewing ingevoer moes word. In die meeste Wes-Europese regstelsels is daar egter 'n algemene afkeur teenoor die legitieme porsie sonder dat daar egter ook 'n afkeur is teenoor die versorgingsaanspraak van die langslewende.[3] In die Suid Afrikaanse reg was daar ook 'n behoefte vir 'n verlengde onderhoudsaanspraak en is dit aan te prys dat die wetgewer besluit het om hiervoor voorsiening te maak in plaas van 'n herinstelling van die legitieme porsie.

Die belangrikste bepaling van hierdie wet[4] is dat die gade van 'n oorledene wat na inwerkingtreding van die wet (1 Julie 1990) sterf 'n vordering teen die boedel van die eerssterwende verkry vir voorsiening in sy of haar redelike onderhoudsbehoeftes tot by sy of haar dood of hertroue vir sover hy of sy nie uit eie middele en verdienste daartoe in staat is nie. Geen onderskeid word gemaak tussen testate of intestate boedels nie of tussen die verskillende huweliksgoederebestelle nie.

Aangesien die vrou se verdienvermoë as gevolg van jarelange gebruike en vooroordele van werkgewers, meer beperk is as dié van die man, is dit duidelik dat die posisie van die vrou as langslewende gade, grootliks verbeter is deur hierdie wet. 'n Verblydende aspek in hierdie verband, is die wye bevoegdhede wat 'n eksekuteur het om te onderhandel. Die langslewende se vorderingsreg word by wyse van 'n eis teen die boedel ingedien en die eksekuteur kan dit self oorweeg en aanvaar of hy kan dit na die Meester verwys vir oorweging of hy kan 'n ooreenkoms met die aanspraakmaker en die erfgename en legatarisse aangaan.

---

3 Sonnekus JC Verlengde Onderhoudsaanspraak 1990 *TSAR* 493-495

4 *Wet* 27 van 1990

By huwelike in gemeenskap van goed kan 'n testateur net met die helfte van die boedel na willekeur handel maar by huwelike buite gemeenskap van goed was die langslewende gade voorheen aan die persoonlike voorkeure van die eerssterwende testateur uitgelewer en kon daar hoogs onredelike en selfs tragiese situasies ontstaan. So kon 'n man sy fortuin aan sy minnares nalaat en sy vrou met niks laat uitstap nie. Die posisie met die huwelik buite gemeenskap van goed was dus een van juridiese gelykheid dog ekonomiese ongelykheid.

'n Baie belangrike verandering in die regsposisie van die vrou in Suid-Afrika het ingetree in die Familiereg en meer spesifiek die huweliksgoederereg. Die wetgewing wat hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik was, is die Wet op Huweliksgoedere, Wet 88 van 1984 asook enkele ander wysigingswette soos onder andere die Wysigingswet op Egskeiding, 7 van 1989.

Eersgenoemde wet is ongeveer 8 jaar in werking en in hierdie tydperk het dit reeds geblyk dat dit besondere voordele teweeggebring het - veral by egskeidings maar ook by bestorwe boedels waar die partye buite gemeenskap van goed getroud was met toepassing van die aanwasbedeling.

Voor 1 November 1984 (datum van inwerkingtreding van die wet) was die posisie dat 'n huwelik buite gemeenskap van goed letterlik was wat dit sê naamlik uitsluiting van enige gemeenskap van goed, wins of verlies, nou en vir die toekoms. Die volgende feite was redelik alledaags aan so 'n huwelik:
Die paartjie "begin met niks". Met verloop van tyd word 'n boedel van groot omvang opgebou. Die vrou het die meer ondergeskikte, en na buite meer passiewe rol gespeel, maar intussen die huishouding waargeneem, die kinders in die wêreld gebring, grootgemaak en versorg en indirekte bydraes tot die boedelgroei by wyse van arbeid sonder vergoeding gelewer. Die man aan die ander kant het in die posisie verkeer dat die verkreë bates in sy naam geregistreer is soos byvoorbeeld vaste eiendomme, aandele in maatskappye, aandeelhouding in beslote korporasies, voertuie, trekkers, ensovoorts, en beleggings in sy naam gedoen is. Wanneer hierdie huwelik ontbind word deur die dood maar veral deur egskeiding, ontstaan die ideale toestand vir ongelykheid.

Vir hierdie vrou het Wet 88 van 1984 verligting gebring indien die huweliksgenote deur ooreenkoms hulle huweliksgoederekontrak verander het, dit wil sê 'n notariële ooreenkoms aangegaan het in terme van artikel 21 waarkragtens hulle die aanwasbedeling op hulle huwelik van toepassing gemaak het óf vanaf huweliksluiting, óf vanaf datum van die ooreenkoms. Indien dit nie geskied het nie, het dieselfde Wet deur die invoeging van artikel 7 (3) tot die Wet op Egskeiding, 70 van 1979 verligting gebring deur middel van die herverdelingsdiskresie wat aan die hof verleen is, maar hieroor later meer. Vir die vrou wat egter ná 1 November 1984 buite gemeenskap van goed maar met behoud van die aanwasbedeling in die huwelik tree, kan die treurige toestand van die vrou soos hierbo genoem nie weer onstaan nie. Vir die paartjie wat in hierdie geval ook "met niks begin" sal die vrou haar nie in die posisie bevind dat sy na jare en na 'n egskeiding met niks as frustrasie en onvergenoegdheid sit nie.

Hier moet egter bygevoeg word dat die partye wat steeds kies om volgens die "ou" huwelik buite gemeenskap van goed te trou, steeds in dieselfde troostelose toestand as tevore kan beland, aangesien sy haar ook nie kan beroep op die herverdelingsdiskresie van die hof nie.[5] In hierdie gevalle kan egter gesê word dat sy haar bed gemaak het en nou maar daarop sal moet slaap. Nie dat daar nie verdienstelike gevalle is waar die aanwasbedeling liefs uitgesluit moet word nie, soos byvoorbeeld waar dit een of albei partye se tweede of verdere huwelike is, of waar daar kinders uit 'n vorige huwelik is wie se belange in ag geneem moet word.

Wat huwelike in gemeenskap van goed betref, is belangrike bepalings van die wet onder andere artikel 11 wat handel oor die afskaffing van die maritale mag van die man. Die maritale mag is nie presies definieerbaar nie, maar Hahlo[6] onderskei drie elemente hiervan naamlik die man se mag as hoof van die familie, sy mag oor sy vrou se persoon en sy mag oor haar eiendom. Die vrou het wel sekere bevoegdhede gehad ten spyte van die maritale mag

---

5 *Artikel* 7 (3)

6 Hahlo HR *SA Law of Husband & Wife* (1985) 189

waaronder dat sy sonder die man se toestemming huishoudelike benodigdhede kon aankoop en sonder die man se toestemming kontrakte kon aangaan in gevalle waar sy as openbare koopvrou (*publica mercatrix)*[7] optree. Die maritale mag van die man het egter groot beperkings op die bevoegdhede van die vrou geplaas soos dat sy geen *locus standi in iudicio*[8] gehad het nie (die man moes gedinge namens haar voer); die man het in beheer van die gesamentlike boedel gestaan asook oor afsonderlike goed van die vrou waaroor die maritale mag nie uitgesluit was nie[9] (die man kon sonder die vrou se toestemming hierdie goed vervreem); hy kon skulde aangaan wat hom sowel as sy vrou bind.[10].

Die regsposisie van die vrou onderhewig aan die maritale mag was in sekere opsigte swakker as dié van 'n minderjarige teenoor sy voog. Die man hoef byvoorbeeld nie sy maritale mag tot voordeel van die vrou uit te oefen nie, maar kan dit tot sy eie voordeel doen - die teenoorgestelde is die geval tussen voog en minderjarige. Die man hoef nie, soos by voogdyskap, sekuriteit te verskaf vir die behoorlike uitoefening van sy bevoegdhede nie. Die vrou, in teenstelling met die minderjarige, het nie die remedie van *restitutio in integrum* nie.

In hierdie verband is dit van belang om te verwys na die *actio Pauliana utilis* en artikel 20 van Wet 88 van 1984 waarkragtens die vrou tog sekere bevoegdhede het om teen roekelose verkwisting van haar bates deur die man, op te tree. Eersgenoemde aksie verleen aan die vrou die bevoegdheid om goedere van die gemeenskaplike boedel wat reeds deur die man *in fraudem uxoris* aan 'n derde vervreem is, op te eis, maar slegs na ontbinding van die huwelik. [11] Kragtens artikel 20 kan die vrou die hof nader met 'n aansoek om verdeling van die gemeenskaplike boedel indien haar belang daarin deur die optrede of voorgenome optrede van die man ernstig benadeel of waarskynlik benadeel gaan word.

---

7 *Grobler v Schmilg & Freedman* 1923 AD 496

8 *Roos v A A Mutual Association Ltd* 1974 4 SA 295 (C)

9 *Estate Sayle v CIR* 1945 AD 388

10 *D'Angelo v Bona* 1976 1 SA 463 (O)

11 *Nel v Cockroft and Another* 1972 3 SA 592 (T)

Dit is dus duidelik dat die afskaffing van die maritale mag 'n groot hupstoot was om die vrou op 'n gelyke voet met die man te bring. Die man se handelingsbevoegdheid is dramaties ingekort en die vrou s'n dienooreenkomstig uitgebrei.

Ten opsigte van huwelike in gemeenskap van goed van vóór 1 November 1984 kan die vrou en die man die hof nader in terme van artikel 21 (1) van die wet vir 'n bevel om die maritale mag af te skaf. Indien die man nie sy samewerking hiertoe wil verleen nie en die vrou bekommerd voel oor haar bates, kan sy die hof in terme van artikel 20 (1) nader met 'n aansoek om onmiddellike verdeling van die gesamentlike boedel en sal die hof sodanige bevel toestaan indien daar gegronde redes daarvoor bestaan. In terme van hierdie artikel kan die hof die boedel gelykop verdeel of enige ander verdeling wat hy billik ag, gelas en kan selfs die gemeenskap van goed vervang met 'n ander huweliksgoederereëling. Volgens die gemeenregtelike boedelskeiding word die boedel gelykop verdeel en die vrou se helfte word aan haar gegee met opheffing van die man se maritale mag daaroor. Volgens Lee en Honoré[12] is hierdie remedie nie deur onbruik afgeskaf nie.

Ander artikels van belang hier is artikel 14 wat die vrou gelyke bestuursbevoegdheid met die man gee ten opsigte van handeling met die boedelbates by 'n huwelik in gemeenskap van goed. Artikel 15 (1) lees soos volg:

> Behoudens die bepalings van subartikels (2), (3) en (7) kan 'n gade in 'n huwelik in gemeenskap van goed sonder die toestemming van die ander gade enige regshandeling met betrekking tot die gemeenskaplike boedel verrig.

Artikel 15 (2) bepaal dat so 'n gade nie sonder die skriftelike toestemming van die ander 'n hele reeks genoemde handelinge kan verrig nie.

Hierdie wet het dus gunstige veranderings veral vir die vrou teweeggebring in sowel huwelike in as buite gemeenskap van goed

---

12 Lee en Honoré *Family Law, Things and Succession* 2e uitgawe (Durban 1983) 93

-tot grotere mate vir dié wat voltrek is na 1 November 1984, maar sekerlik ook vir huwelike aangegaan vóór die datum. Artikel 21 (1) waarna vroeër verwys is, kan ook gebruik word om die hof te vra vir 'n verandering van die huweliksgoederebestel in 'n bestaande huwelik byvoorbeeld van buite na in gemeenskap van goed, en andersom, en met of sonder toepassing van die aanwasbedeling. Die vereistes om met 'n aansoek in terme van hierdie artikel te slaag, is dat (a) daar moet gegronde redes vir die voorgenome verandering wees; (b) daar moes kennis gegee gewees het aan alle skuldeisers van die gades van die voogenome verandering; en (c) geen ander persoon moet deur die voorgenome verandering benadeel word nie.[13]

Voor die inwerkingtreding van hierdie Wet het die onveranderlikheidsbeginsel in ons huweliksgoederereg gegeld en kon gades nie *stante matrimonio* hulle huweliksgoederebestel verander nie.[14]

In twee interessante artikels van Douglas[15] word die moontlikheid bespreek om die huweliksgoederebestel te verander sonder 'n bevel van die hof. Hy steun hoofsaaklik op artikel 22 van die Wet wat bepaal dat skenkings tussen gades hetsy getroud voor of na die inwerkingtreding van die Wet, geldig is. Wat ookal die meriete van hierdie argument is, is die afskaffing van die verbod op skenkings tussen gades op sy eie reeds 'n groot stap vorentoe om bates van die meer welaf huweliksgenoot (gewoonlik die man) sonder enige tussenkoms van die fiscus, oor te dra aan die minder welaf huweliksgenoot (gewoonlik die vrou).

Daar is tot dusver onder hierdie afdeling hoofsaaklik gelet op die voordele wat onlangs vir die vrou ontstaan het by die aangaan van 'n huwelik of die moontlike wysiging van die huweliksgoederebestel van 'n bestaande huwelik.

---

13 *Artikel* 21 (1)

14 *Ex Parte Krös en 'n Ander* 1986 1 SA 642 (NK)
*Ex Parte Oosthuizen en 'n Ander* 1990 4 SA 15 (OK)
*Ex Parte Lourens et Uxor 1986 2 SA 291 (C)*
*Ex Parte Dunn et Uxor* 1989 2 SA 429 (NC)

15 Douglas KJ Change of Matrimonial Property 1991 *De Rebus* 205-211
Douglas KJ Changing Matrimonial Property Systems 1991 *De Rebus* 221-222

Vervolgens word gelet op die potensiële voordele wat daar vir die vrou onstaan het by beëindiging van die huwelik deur *egskeiding* in vergelyking met wat dit vroeër was. Ons het reeds gelet op die onlangse voordele wat daar vir die vrou ontstaan het by beëindiging van die huwelik deur die *dood.*

Deur artikel 36 (a) en (b) van Wet 88 van 1984 is artikel 7 van die Wet op Egskeiding Wet 70 van 1979 ingrypend gewysig. 'n Bykomende faktor is gevoeg tot die oorweging van 'n onderhoudsbevel in terme van artikel 7 (2) en vier nuwe subartikels is toegevoeg waarvan artikel 7 (3) die ingrypendste is. Hierdie subartikel verleen aan die hof 'n herverdelingsdiskresie ten opsigte van bates by die toestaan van 'n egskeiding en kom daarop neer dat van die een party weggeneem en aan die ander party gegee word, soos wat die hof goed mag vind.

Hierdie artikel is net van toepassing op huwelike buite gemeenskap van goed wat voor 1 November 1984 aangegaan is, geen vorm van aanwas gehad het nie en wat nie kragtens buitelandse reg 'n huwelik buite gemeenskap van goed was nie. Die interpretasie van hierdie artikel het reeds in verskeie sake ter sprake gekom en was dit feitlik sonder uitsondering die vroulike party wat baat daarby gevind het.[16] Een van die toonaangewende sake in hierdie verband is die Kritzinger-saak waarna later weer verwys word. Die groot voordeel vir die vrou is daarin geleë dat daar nou 'n remedie is veral waar die huwelik redelik lank geduur het en daar aansienlike bates in die naam van die man is - bates waaraan sy ook haar bydrae tot versameling daarvan gelewer het.

---

16 *Van Gysen v Van Gysen* 1986 1 SA 56 (K)
*MacGregor v MacGregor* 1986 3 SA 644 (K)
*Kroon v Kroon* 1986 4 SA 616 (K)
*Redgard v Redgard* 1989 1 SA 113 (K)
*Kretchmer v Kretchmer* 1989 1 SA (W)
*Archer v Archer* 1989 2 SA 885 (OK)
*Katz v Katz* 1989 3 SA 1 (A)

Appelregter Van den Heever het reeds in die Edelstein-saak[17] gesê dat:

> the deceased (husband) could not successfully have conducted his rag and bottle business if his wife has not cooked the dinner and minded the children.

Hierdie saak was lank voor die tyd van artikel 7 (3) maar is daar noue aansluiting van regter Kriegler daarby in die Beaumont-saak[18] waar artikel 7 (3) toegepas is.

> There can be no doubt that the defendant, for close on 20 years, made innumerable contributions to the growth of the plaintiff's estate. She gave him her wages, she rendered services in his business and in his home; she made do with far less than she was entitled to by way of domestic help, creature comforts, entertainment, social intercourse and all the elements necessary to live with reasonable human dignity. In his pursuit of money, he totally ignored her right to pursue happiness. She contributed directly, continuously and capably to the maintenance and increase of his estate. That contribution was very substantial indeed. The plaintiff had a secretary and general assistant in his business, a mistress, a housemaid, a cook, a seamstress, a scullary maid, a laundress, a nanny, a governess, a general domestic manager and a messenger. She worked for well over ten hours per day seven days per week, fifty two weeks a year. He paid her nothing.

Die appélhof het regter Kriegler op hierdie argument gelyk gegee.[19]

---

17 *Edelstein vs Edelstein NO and Others* 1952 3 SA (A)

18 *Beaumont vs Beaumont* 1985 4 SA 171 (W)

19 *Beaumont vs Beaumont* 1987 1 SA 967 (A)

Ten opsigte van die gedeelte van 'n gade se boedel wat die hof gelas aan die ander gade gegee moet word, blyk dit uit die beslissings tot dusver 'n derde of baie naby aan 'n derde daarvan te wees. Die howe beweer egter dat hulle hul hoegenaamd nie laat lei deur die een-derde reël van die Engelse reg nie en dat laasgenoemde reël geen deel van ons reg vorm nie. Hierdie stelling dat die reël geen deel van ons reg vorm nie terwyl die uitsprake tog daarop dui, maak dit in die praktyk moeilik om kliënte te adviseer.

Een van die sake wat waarskynlik die meeste bespreking uitgelok het, is Kritzinger v Kritzinger[20] en dit is belangrik om albei uitsprake te bestudeer en te vergelyk, veral aangesien die appélhof die Kaapse beslissing tersyde gestel het. Regter Berman het uitspraak in die guns van Mnr. Kritzinger, wat oordrag van bates van Mev. Kritzinger geëis het, gegee terwyl die Appélhof-uitspraak[21] in die guns van Mev. Kritzinger gegee het. In die hof *a quo* is groot waarde geheg aan die opofferings wat die man gemaak het soos die feit dat hy 'n oorsese loopbaan wat vir hom waarskynlik groot welvarendheid kon meebring, opgeoffer het terwille daarvan dat sy vrou haar eie loopbaan plaaslik kon voortsit. In hierdie opofferings vir behoud van die egtelike woning, het die hof 'n bydrae deur die man tot die boedelgroei van die vrou gesien en dit as voldoende beskou om die herverdelingsbevel soos versoek toe te staan.

Die Appélhof let op die feitelike bydraeposisie deur die man ten opsigte van die egtelike woning en bevind dat hy geen bydrae hiertoe gelewer het wat vergelykbaar was met die bydrae deur sy vrou nie. Die hof kon gevolglik nie substansie daarvoor vind dat die sogenaamde opofferings van die man enige bydrae tot die vrou se boedelgroei getoon het nie.

---

20 *Kritzinger v Kritzinger* 1987 4 SA 85 (K)

21 *Kritzinger v Kritzinger* 1989 1 SA 67 (A)

Aangesien artikel 7 (3) net van toepassing is op huwelike aangegaan voor 1 November 1984 en volgens die huweliksgoederebestel en domicilium soos vroeër gemeld, het kritiek en stemme opgegaan vir die verandering van hierdie voorbehoudsbepaling.[22]

Dit is daarom verblydend dat die Suid Afrikaanse Regskommissie,[23] nadat kommentaar vanuit 'n wye spektrum van regsgeleerdes ingewin is, in 'n konsepwetsontwerp artikel 7 (3) uitbrei om ook huwelike wat na 1 November 1984 gesluit is, buite gemeenskap van goed met uitsluiting van wins en verlies en aanwasbedeling, in te sluit asook buitelandse huwelike buite gemeenskap van goed. Indien hierdie wetsonwerp van krag word, sal sake soos Milbourn v Milbourn[24] anders beslis kan word aangesien nie net huwelike buite gemeenskap van goed kragtens 'n huwelikskontrak dan gedek sal word nie, maar ook huwelike buite gemeenskap van goed kragtens die reg van die plek waar die man ten tye van die huweliksluiting gedomisilieerd was.

Een van die voordele wat spruit uit die eenmalige verdeling van bates in plaas van lewenslange onderhoud as gevolg waarvan die partye dan steeds in verbinding met mekaar is, is die skoonbreuk-beginsel (clean break). Hierdie beginsel is afkomstig uit die Engelse reg. In Minton v Minton[25] is die skoonbreuk-beginsel die eerste keer erken en is in Dipper v Dipper[26] deur die Engelse appélhof toegepas. Die volgende opmerking van Lord Seaman in die Minton-saak is veelseggend:

---

22 Roodt HC Artikel 7(3) van die Egskeidingswet 1988 *De Rebus* 59-64
Zaal N Matrimonial milestone or gravestone? 1986 *TSAR* 57
Thomashausen A The Matrimonial Property Act 1984 1985 *De Rebus* 167

23 SA Regskommissie *Verslag oor wysiging van Artikel* 7(3) (Projek 12)

24 *Milbourn v Milbourn* 1987 2 SA 62 (W)

25 *Minton v Minton* 1979 AC 503

26 *Dipper v Dipper* 1980 1 FLR 286

> The Law now encourages spouses to avoid bitterness after family breakdown and to settle their money and property problems. An object of the modern law is to encourage each to put the past behind them and to begin a new life which is not overshadowed by the relationship which has broken down.

Die voordeel aan so 'n skoonbreuk-egskeiding is vanselfsprekend vir albei partye aangesien hulle dan nie nodig het om enige verdere kontak met mekaar te hê nie.

'n Baie belangrike aspek by die verdeling van bates is die aanwasbedeling waarvoor voorsiening gemaak word in hoofstuk 1 van Wet 88 van 1984. Kragtens artikel 2 van hierdie wet is alle huwelike gesluit na 1 November 1984, waardeur gemeenskap van goed en gemeenskap van wins en verlies uitgesluit word, onderhewig aan die aanwasbedeling behalwe indien dit uitdruklik uitgesluit word.

By huwelike onderhewig aan die aanwasbedeling, sal daar gedurende die bestaan van die huwelik volkome skeiding wees tussen die boedels van die eggenote, maar by ontbinding van die huwelik, hetsy deur die dood of deur egskeiding, kan 'n verdeling van die winste gemaak gedurende die bestaan van die huwelik, geeïs word. Kragtens hierdie stelsel word 'n aanvangswaarde op elke eggenoot se boedel geplaas en word daar by ontbinding van die huwelik weer 'n waarde op elke boedel geplaas. Die eggenoot wie se boedel die minste groei getoon het, het dan 'n vorderingsreg teen die ander eggenoot se boedel vir die verskil tussen die aanwas van die onderskeie boedels.

Vir die vasstelling van die onderskeie boedels se waardes by ontbinding van die huwelik moet egter voorsiening gemaak word vir die wisseling in geld se waarde en word vir hierdie doel die beswaarde gemiddelde van die verbruikersprysindeks gebruik.[26A]

---

26A. *Artikel 4 (1) (b) (iii)*

Ter praktiese toeligting kan die volgende voorbeeld gebruik word. M en V trou buite gemeenskap van goed met toepassing van die aanwasbedeling. M se boedelwaarde is R50 000,00 en V s'n R10 000,00. By ontbinding van die huwelik vyftien jaar later is die onderskeie boedels R150 000,00 en R40 000,00 werd. Die gesamentlike boedelgroei van die twee boedels is R130 000,00 waarvan M en V elk op R65 000,00 geregtig is. V se boedel het net met R30 000,00 gegroei en sy het dus 'n vorderingsreg van R35 000,00 teen M se boedel.

By huwelike gesluit buite gemeenskap van goed voor 1 November 1984 het een party geen aanspraak op die winste van die ander party, gemaak gedurende die bestaan van die huwelik, gehad nie. Die vrou is normaalweg nie die broodwinner nie, en die aanwasbedeling het dus 'n groot verbetering in haar regsposisie teweeggebring aangesien haar boedel as gevolg van die feit dat sy nie broodwinner is nie, min of geen groei ondergaan.

Wat nóú gepaard gaan met die herverdeling van bates, is die kwessie van onderhoud en in hierdie opsig het daar ook redelike verbetering ingetree vir die vrou wat onseker was of onderhoud betaal gaan word of nie, en of die man nie dalk weer verdwyn het nie. Die Wysigingswet op Onderhoud 2 van 1991 het op 1 Maart 1992 in werking getree en hierkragtens is verskeie strawwer maatreëls aangekondig om die nie-betaler vas te vat: boetes is verhoog tot R8 000,00 of 2 jaar gevangenisstraf of albei; die hof kan gelas dat agterstallige onderhoud plus rente betaal word; dat fotos van 'n persoon na wie gesoek word, geplaas mag word; en dat persoonlike besonderhede van die wanbetaler aan kredietburo's verstrek kan word.

In hierdie verband is dit van belang dat gelet word op die herverdelingsbevel in terme van artikel 7(3) van die wet en artikel 7(2) wat betrekking het op 'n onderhoudsbevel. Dit wil uit sommige uitsprake blyk of die hof by oorweging van 'n herverdelingsbevel 'n moontlike onderhoudsbevel in ag neem wat onlogies is aangesien 'n onderhoudsbevel geaffekteer kan word deur die herverdelingsbevel en nie andersom nie. (Sake waarin hierdie twee subartikels spesifiek bespreek word, is onder andere die MacGregor-, Katz- en Beaumont-sake, *supra*) Die rede hiervoor is eenvoudig dat indien 'n herverdelingsbevel toegestaan is in terme van artikel 7(3) die hof dan by oorweging van 'n onderhoudsbevel

in terme van artikel 7(2) in ag neem of die bates wat oorgedra moet word, voldoende is en daar dus moontlik geen onderhoudsbevel toegestaan hoef te word nie. Om dus artikel 7(2) vóór artikel 7(3) te oorweeg is om die kar voor die perde te span. In die MacGregor-saak *(supra)* stel regter Nel dit so onder die oorweging van onderhoud in terme van artikel 7(2):

> An additional factor which must be taken into account is that, due to the order in relation to the transfer of assets, the plaintiff will be obliged to part with some of her assets, including an interest-bearing investment.

Onder hierdie afdeling kan ten slotte gelet word op enkele ander wetsartikels en uitsprake wat tot voordeel van die vrou gelei het. In Tebeila v Santam[27] het die hof beslis dat artikel 11 (3) (b) van die Swart Administrasiewet, 38 van 1927 beteken dat 'n Swart vrou wat kragtens 'n gebruiklike verbinding met 'n man saamleef, vir alle doeleindes minderjarig bly en verjaring kragtens artikel 20 van die Verjaringswet 68 van 1969 nie teen haar loop nie. Hierdie beslissing is van groot belang waar verjaring onder gewone omstandighede 'n eis sou gestuit het.

'n Verdere voordeel vir 'n Swart vrou wat in 'n gebruiklike verbinding met 'n man saamleef het ontstaan uit die Wysigingswet op Huweliks - en Huweliksgoedereg 3 van 1988. Artikel 22 van die Swart Administrasiewet word gewysig deur Artikel 1 (f) tot die effek dat geen huwelik aangegaan na inwerkingtreding van die Hoofwet maar vóór inwerkingtreding van die Wysigingswet, en gedurende die bestaan van 'n gebruiklike verbinding tussen die man en 'n ander vrou as die eggenote, enige invloed het op die materiële regte van die deelgenoot van daardie verbinding nie, en die weduwee van so 'n huwelik het geen groter regte teenoor die boedel van die eggenoot as wat die geval sou wees indien dit 'n gebruiklike verbinding en nie 'n huwelik was nie.

---

27 *Tebeila v Santam Insurance Ltd* 1991 2 SA 640 (K)

Daar is gelet op die herverdelingsdiskresie van die hof by huwelike buite gemeenskap van goed, maar dit is ook belangrik om te let op die hof se magte ten opsigte van verbeurdverklaring van voordele by egskeiding in geval van huwelike in gemeenskap van goed. Hierdie aangeleentheid word gereël deur artikel 9 van die Wet op Egskeiding 70 van 1979. Volgens die gemene reg, was 'n eiser wat 'n egskeiding op grond van owerspel of kwaadwillige verlating verkry het, altyd geregtig op 'n bevel vir verbeurdverklaring van voordele. Hierdie moontlikheid word nou statutêr gereël deur bogenoemde artikel 9 en die basiese vereiste vir 'n bevel is dat die hof oortuig moet wees dat, indien die bevel nie toegestaan word nie, die een party onbehoorlik bo die ander bevoordeel sou word.

Onlangse beslissings in hierdie verband is onder andere Persad v Persad[28] en Engelbrecht v Engelbrecht[29] waar in die eerste geval die vrou die applikant was en die bevel toegestaan is en in die tweede geval die man die applikant was en 'n bevel deur die verhoorhof toegestaan is, maar op appél afgewys is. In die een geval het die hof bevind dat die een party onbehoorlik bo die ander bevoordeel sou word indien die bevel nie toegestaan word nie en in die ander geval kon die hof nie daarvan oortuig word nie. Ander sake in hierdie verband is Klerck[30] en Watt[31] waar regter Kriegler in die Klerck-saak 'n duidelike uiteensetting gee van die drie vereistes (wat nie noodwendig almal teenwoordig hoef te wees nie) vir toestaan van 'n verbeurdverklaringsbevel naamlik die duur van die huwelik, die omstandighede wat tot die verbrokkeling aanleiding gegee het en enige wesenlike wangedrag aan die kant van enigeen van die partye. Verbeurdverklaring het betrekking op die vermoënsregtelike voordele van die huwelik en in die Watt-saak gee regter Melamet 'n aanduiding van wat nie as vermoënsregtelike voordele van die huwelik beskou kan word nie naamlik bates soos

---

28 *Persad v Persad and Another* 1987 4 SA 685 (D)

29 *Engelbrecht v Engelbrecht* 1981 1 SA 597 (K)

30 *Klerck v Klerck* 1991 (1) SA 265 (W)

31 *Watt v Watt and Another* 1984 (2) SA 455 (W)

byvoorbeeld 'n woonhuis of ander geskenke wat gedurende die bestaan van 'n huwelik deur die een party aan die ander gegee was en wat nie geskied het in terme van 'n voorhuwelikse kontrak nie.

Die Wysigingswet op Egskeiding 7 van 1989 wat op 1 Augustus 1989 in werking getree het, maak voorsiening daarvoor dat 'n party in 'n egskeidingsgeding in die pensioenbelang van die ander party kan deel. Hierdie vooruitsig om te deel in die pensioenbelang was voorheen slegs 'n verwagting, 'n *spes,* terwyl dit nou 'n vorderingsreg geword het. Voorheen kon dit gebeur dat die pensioenbelang nooit materialiseer nie terwyl die waarde daarvan nou bepaal word soos op datum van egskeiding. Artikel 1 van die Wysigingswet wysig artikel 1 van die Egskeidingswet 70 van 1979 deur "pensioenbelang" by te voeg met verwysing na voordele van 'n lid in 'n pensioenfonds en na 'n lid se belang in 'n uittredingsannuïteitsfonds. Artikel 2 van die Wysigingswet wysig artikel 7 van die Wet op Egskeiding wat onder andere bepaal dat 'n party se pensioenbelang geag word deel te wees van sy bates by die bepaling van sy vermoënsregtelike voordele waarop die partye in enige egskeidingsgeding geregtig is.

Die nuwe artikel 7 C van die Hoofwet lê neer watter huwelike nie deur die wysiging geraak word nie naamlik huwelike buite gemeenskap van goed gesluit op of na 1 November 1984 ingevolge huweliksvoorwaardes waardeur gemeenskap van goed, gemeenskap van wins en verlies en die aanwasbedeling uitgesluit is. Die wysigingswet is dus van toepassing op huwelike in gemeenskap van goed voor of na 1 November 1984 gesluit, huwelike buite gemeenskap van goed voor 1 November 1984, huwelike buite gemeenskap van goed voor of na 1 November 1984 wat wins en verlies uitsluit maar met toepassing van die aanwasbedeling en huwelike buite gemeenskap van goed maar in gemeenskap van wins en verlies.

Aangesien in die oorgrote meerderheid van gevalle die man die pensioendraende party is, is dit vanselfsprekend dat hierdie wysiging 'n voordeel vir veral die vrou teweeggebring het.

Om die verbetering in die regsposisie van die vrou in die familiereg af te sluit, word net nog verwys na die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede 24 van 1987. In 1990 is 'n gesinsadvokaat hierkragtens aangestel om as tussenganger op te tree by egskeidingsaangeleenthede ten einde die belange van kinders te beskerm wat aan die vrou 'n sekere mate van gemoedsrus behoort te gee.

## 5. OPSOMMING

In hierdie skripsie is slegs sekere onderafdelings van enkele aspekte van die positiewe reg uitgelig en kan dit nie as 'n volledige verslag van die onlangse verbetering wat die vrou in die Suid-Afrikaanse reg te beurt geval het, beskou word nie.

Uit die voorbeelde soos bespreek, is dit egter duidelik dat daar gedurende die afgelope dekade groot verbetering ten opsigte van die reg vir die vrou ontstaan het - verbeteringe ten opsigte van haar persoon en onafhanklike status soos byvoorbeeld die afskaffing van die maritale mag; ten opsigte van haar lewensomstandighede soos die verbeterde posisie van die sorgbehoewende langslewende gade; finansiële en materiële voordele soos die wysiging van die intestate erfopvolging; voordele in die vorm van wyer keuse ten opsigte van hul huweliksgoederebestel; die herverdelingsdiskresie van die hof; die swaarder strawwe vir onderhoudsontduiking, ensovoorts.

Nie dat daar geen diskriminasie teen die vroulike geslag in ons wetgewing meer oor is nie - inteendeel daar is nog sowat 23 wette oor waarin daar onderskeid gemaak word tussen man en vrou. Hierdie wetgewing het hoofsaaklik met arbeidsreg te doen soos dat vrouens, behalwe met enkele uitsonderings, nie in 'n myn ondergronds mag werk nie, nie mag boks nie, en nog ander. Daar is egter al hoe meer vertoë vir totale verwydering van alle diskriminasie teen die vrou en dit is seker dat haar regsposisie in toenemende mate gelykgestel word aan dié van die man.

Alles in ag genome, het die vrou in Suid-Afrika die laaste 10 jaar verder uit haar ondergeskiktheid en afhanklikheid beweeg as die vorige 100 jaar, en is die era van algehele gelykheid en pariteit tussen man en vrou, nie meer dekades ver nie.

------------------